higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR-VLAK 2

(5050032)

8 March 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

NCS

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Les AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik ’n SWART of BLOU pen.
5. Begin elke vraag op ’n NUWE bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NSC

VRAAG 1

1.1 Al ons kennis begin met die sintuie.

Noem die VYF sintuie wat gebruik word om verskillende voorwerpe te evalueer. (5 × 1) (5)

1.2 Ons maak dikwels op ons geheue staat om take te voltooi. Die inligting moet deur verskillende fases beweeg voordat dit in ons langtermyngeheue geberg word.

Noem die DRIE fases van geheueretensie. (3 × 1) (3)

1.3 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

'n Belangrike element van die (1.3.1) (eksperimentele/behavioristiese) leerteorie is die tydsinterval tussen die (1.3.2) (gekondisioneerde/ ongekondisioneerde) stimulus en die (1.3.3) (natuurlike/ongekondisioneerde) stimulus, aangesien dit een van die belangrikste faktore is wat bepaal of leer sal plaasvind. (3 × 1) (3)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

terugvoering; leerstyl; probleemoplossing; selfgedrewe; temperament; analities; ontwikkelingsgestrem; verbetering

1.4.1 Lewenslang leer lei tot moontlikhede van … .

1.4.2 Ons almal leer op verskillende maniere en die manier wat ons leer staan bekend as ons … .

1.4.3 'n Kind wat ... is, sal langer neem om te leer lees en die onderwyser sal meer moeite moet doen om hom/haar te leer lees.

1.4.4 Hoe meer ons leer, hoe beter kan ons .... doen.

1.4.5 Wanneer 'n leerder verantwoordelikheid vir sy/haar leer aanvaar, noem ons dit ... leer.

1.4.6 Leerders moet ... aan opvoeders gee om hulle te laat weet wat die beste vir hulle werk wanneer hulle wil leer.

(6 × 1) (6)

Kopiereg voorbehou

1.5 Voltooi die volgende sinne/paragraaf/paragrawe deur die woord(e) in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Oneerlikheid, aggressie, vriendelikheid of goedhartigheid is voorbeelde van karaktertrekke.

1.5.2 Geaardheid beteken ’n persoon se geneigdheid om op verskillende maniere op te tree.

1.5.3 ’n Gemaklike en aanpasbare persoon verwys na die temperament van die persoon.

1.5.4 ’n Veroordelende persoon wil weet wat die feite is; beplan hul werk en hou by die plan.

1.5.5 Angstigheid kan help om prestasie op ’n bepaalde vlak te verbeter.

(5 × 1) (5)

1.6 Gardner se teorie beweer dat mense almal verskillend leer en as gevolg van hierdie intelligensies, beskik ons almal oor verskillende vermoëns om probleme op te los.

Noem enige DRIE van Gardner se intelligensies. (3 × 1) (3)

1.7 Noem EEN funksie van die volgende:

1.7.1 Mitochondria

1.7.2 Corpus callosum

1.7.3 Breinstam

1.7.4 Oksipitale/agterkopslagaar

1.7.5 Neuro-oordraer

(5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 2

2.1 James is 'n tienjarige, gestremde leerder. Sy gestremdheid maak dit vir hom moeilik om aan sport deel te neem, maar op akademiese gebied is James 'n uitblinker. Op grond van die vorige termyn se punte, was hy tweede in sy klas. James raak baie terneergedruk wanneer hy sien hoe die ander kinders tydens liggaamlike opvoeding rondhardloop. Pouses speel hy skaak saam met 'n groepie vriende. Die skool probeer verseker dat die omgewing vir die behoeftes van al die leerders voorsiening maak.

2.1.1 Watter aanduiding kry jy uit die gevallestudie hier bo dat James se fisiese gestremdheid 'n uitwerking op sy emosionele behoeftes het?

2.1.2 James se kognitiewe vlak is verwesenlik.

Watter rede kan jy gee hoekom jy met hierdie stelling saamstem?

2.1.3 Omdat hy saam met sy vriende skaak speel, kan dit sy intellektuele ontwikkeling bevorder.

Watter ander behoefte word deur hierdie aktiwiteit bevredig?

(3 × 1) (3)

2.2 Noem TWEE maniere waarop jou leer as gevolg van Leersielkunde in jou leerprogram verander het. (2 × 2) (4)

2.3 Dit is belangrik om jou tyd goed te bestuur, en jy moet weet wat jou doelwitte is om die nodige werk te doen om dit te bereik. Die opstelling van skedules en roosters help jou om hierdie prestasies te beplan.

2.3.1 Noem TWEE langtermynskedules waaraan jy elke week moet voldoen. (2)

2.3.2 Noem EEN korttermynskedule waaraan jy daagliks moet voldoen. (1)

2.4 'n Goeie geheue is die resultaat van 'n gesonde brein.

Noem VIER dinge wat jy kan doen om 'n gesonde brein te stimuleer. (4 × 1) (4)

2.5 Jy besoek 'n ander land en begin om hul gewoontes en gebruike aan te leer.

Rangskik die VYF fases hier onder in die regte volgorde van die stappe in die proses van kulturele kondisionering.

- Internalisering
- Nabootsing
- Waarneming/Instruksie
- Spontane manifestasie
- Versterking (5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

2.6 Volgens Maslow vertoon mense wat die proses van selfverwesenliking ondergaan bepaalde kenmerke.

Noem enige VIER van hierdie kenmerke. (4 × 1) (4)

2.7 Regterbreindenkers is hoogs intuïtief, subjektief, kreatief en verbeeldingryk.

Noem enige VYF kenmerke van ’n regterbreindenker. (5 × 1) (5)

2.8 Gee ’n definisie van *leer*. (2)
[30]

VRAAG 3

3.1 Noem die VYF breë faktore van die basiese struktuur van die menslike persoonlikheid. (5 × 1) (5)

3.2 Mense het verskillende persoonlikhede.

Vergelyk die verskille tussen introverte en ekstroverte deur op die teenstellings tussen hierdie twee persoonlikhede te fokus. (2 × 2) (4)

3.3 Toe Sarina aan Abel bekend gestel is, was hy baie onbeskof en kortaf, omdat hy so pas ’n struweling gehad het met ’n verkeersbeampte wat vir hom ’n boetekaartjie gegee het. Serina het vir haar vriendin gesê dat sy dink Abel ’n buierige persoonlikheid het.

3.3.1 Ondersoek die scenario op bladsy 5.

Verduidelik of Serina na Abel se persoonlikheid, of sy temperament verwys het. (1)

3.3.2 Gee ’n rede om jou antwoord op VRAAG 3.3.1 te motiveer. (2)

3.4 Leerders leer op verskillende maniere en neem inligting verskillend op. Jy as onderwyser moet verskillende omgewing vir die verskillende tipes persoonlikhede voorsien.

Bespreek watter tipe leeromgewing die beste by die volgende persoonlikhede sal pas:

3.4.1 Veroordelend

3.4.2 Voelend

3.4.3 Denkend

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.5 Die verskil in temperament beïnvloed ook leer.

Gee EEN voorbeeld van hoe jy leerders met die volgende temperamente in jou klaskamer sal hanteer:

3.5.1 Moeilike of uitdagende persoon

3.5.2 Stadig-om-te-ontdooi of angstige persoon

(2 × 1) (2)

3.6 Perseptuele ontwikkeling begin op ’n vroeë ouderdom. Kyk na die verskillende voorbeelde van perseptuele ontwikkeling in KOLOM A en pas dit by die tipe persepsie in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6.1–3.6.4) in die ANTWOORBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.6.1	Die ma lyk vir die kind groot wanneer sy naby aan hom/haar is en kleiner wanneer sy verder weg is	A	persepsie van posisie in ruimte
3.6.2	Die kind besef dat die bababed dieselfde bly, ongeag vanuit watter hoek ’n mens daarna kyk	B	persepsie van tyd
3.6.3	Die kind sien ’n voël in ’n boom	C	persepsie van voorgrond en agtergrond
3.6.4	Die kind besef dat hy/sy aandete gaan kry nadat hy/sy gebad het en dat die roetine onveranderd bly	D	persepsie van ruimtelike verhouding

(4 × 2) (8)

3.7 Beskryf die volgende leerstyle:

3.7.1 Verbaal

3.7.2 Ouditief

(2 × 1) (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Een van jou vriende het moeilike kinderjare beleef. Sy alkoholiese pa was die oorsaak van die armoede waarin hulle hul bevind het. Alhoewel hy goed presteer op skool en een van die gewilde studente is, ly hy aan 'n swak selfbeeld.

4.1.1 Evalueer die scenario hier bo en gee advies oor hoe jou vriend sy selfbeeld kan opbou. (2 × 2) (4)

4.1.2 Gee 'n definisie van *selfmotivering*. (2)

4.1.3 Noem 'n metode van selfmotivering wat jy vir jouself aanvaar het. (2)

4.1.4 Skryf 'n bevestigende stelling/slagspreuk neer wat jou sal help om op jou studie gefokus te bly. (1)

4.2 Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

John is 'n 16-jarige seun. Hy weet hy het unieke gelaatstrekke en 'n atletiese liggaamsbou omdat hy gereeld gim toe gaan. Hy het al promosiewerk en 'n paar fotosessies vir 'n plaaslike modelagentskap gedoen Hy was baie ontspanne voor die kamera en weet hy het hom goed van sy taak gekwyt. Die agentskap was baie beïndruk met sy vertoning en het hom aangemoedig om 'n loopbaan as model te volg. John weet dat hy dit moeilik vind om die fokuspunt voor vreemdelinge en groot skares te wees. John het 'n boodskap van die agentskap oor nog werk gekry, maar hy is huiwerig en het hulle nie teruggeskakel nie.

Identifiseer die stellings in die gevallestudie wat die volgende terme verteenwoordig:

4.2.1 Selfbewussyn

4.2.2 Selfbegrip

4.2.3 Selfvertroue

(3 × 2) (6)

4.3 John sloer/stel uit.

Watter aanduiding is daar in die gevallestudie wat hierdie stelling as korrek bevestig? (2)

4.4 Gee VYF redes waarom mense sloer of uitstel. (5 × 1) (5)

4.5 Noem die TWEE tipes kondisionering. (2)

4.6 Watter natuurlike refleks dink jy sal John vertoon wanneer hy voor die kamera is? (2)

Kopiereg voorbehou

4.7 ’n Fotosessie is vertraag omdat John laat gearriveer het. As sy straf het hulle geld van sy betaling afgetrek.

4.7.1 Verduidelik hoe die straf sy gedrag sal beïnvloed.

4.7.2 Watter gedrag sal John vertoon wanneer hy positiewe versterking in plaas van straf ontvang?

(2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF voordele van e-leer. (5 × 1) (5)

5.2 Vorming en modellering is deel van die kondisioneringsproses.

Evalueer hierdie twee prosesse deur TWEE duidelike verskille tussen die prosesse in tabelvorm te toon. (4 × 2) (8)

5.3 Skinner het twee soorte versterkingsgebeure geïdentifiseer. Aan die een punt van die kontinuum is waar ’n beloning gegee word en aan die teenoorgestelde kant is waar ’n slegte stimulus verwyder word. Lees die stellings hier onder oor Skinner se teorieë. Pas die scenario’s oor die teorieë in KOLOM A by die terme in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

	KOLOM A		**KOLOM B**
5.3.1	Colin speel buite op ’n warm somersdag. Toe hy weer in die huis in gaan, vra hy sy ma vir ’n glas water om sy dors te les.	A	negatiewe versterking
		B	primêre versterking
		C	positiewe versterking
5.3.2	Thabo help se ma met die skottelgoed en sy ma gee vir hom ’n ekstra bakkie roomys.	D	sekondêre versterking
5.3.3	Nadat Thandi haar kamer opgeruim het, het haar ma opgehou om met haar oor haar slordige kamer te raas.		
5.3.4	Brenda is deur die bure se hond gebyt en het begin huil toe ’n vriend se kat naby haar kom.		

(4 × 2) (8)

5.4 Skinner het na afloop van sy navorsing ’n sterk siening oor straf gehuldig. Lees die twee stellings hier onder en kies die stelling wat Skinner se siening van straf die beste beskryf. Skryf die stelling (a of B) langs die vraagnommer neer.

STELLING A	**STELLING B**
Skinner het aangevoer dat straf ’n effektiewe manier is om gedrag te beheer.	Skinner het aangevoer dat straf ’n oneffektiewe manier is om gedrag te beheer.

(1)

5.5 Bandura se teorie bepaal dat die kondisioneringsproses uit verskeie stappe bestaan.

Beskryf die VIER stappe van Bandura onder aparte opskrifte.

(4 × 2) (8)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou